5022

J. van Mollke, 1943. Jagkonings



het hy tande, en as dit dan die moeite werd is, sal ek my geweer vat en gaan kyk." (Uit brief gedateer 2 April 1942).

Dit is opvallend dat hierdie merkwaardige man, wat ongetwyfeld al die eienskappe van 'n leier besit het, nòg in die Dorslandtrek nòg in Angola die leier van die Boere was. In Kafferoorloë het hy wel meer as eens aan die hoof van 'n groepie vrywilligers gestaan; maar dieselfde kan gesê word van baie ander van sy tydgenote. Hy was wel later ook ouderling in die Gereformeerde gemeente van Humpata en as kerkman alom gerespekteer; maar hy was nooit die invloedrykste kerkraadslid van Humpata nie — amptelike kerklike korrespondensie tussen die Humpata-gemeente en die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika dra die handtekeninge van etlike ander kerkraadslede, maar ek het nog geen enkele stuk gevind met die handtekening van Jan Robbertse daarop nie. Ook op politieke gebied was Jan Robbertse nooit die leier van sy mense in Angola nie. Daar berus 'n hele reeks briewe en kabelgramme van die Humpata-Boere in die Transvaalse Argief wat gewissel is tydens die politieke krisis wat teen die einde van die afgelope eeu tussen Boer en Portugees in Angola ontstaan het, en op geen enkele dokument is die handtekening van Jan Robbertse te vind nie. Ook in die jare van vertwyfeling, 1883 — 4, toe die verarmde klompie Dorslandtrekkers nie geweet het wat om te doen en hulle mooi net om die helfte verdeel was oor die vraag of hulle na Transvaal sou terugtrek of nie, het Jan Robbertse nie die minste leiding gegee nie. Inteendeel, net soos die oorgrote meerderheid wat in Angola agtergebly het, het hy eers besluit om terug te keer en later weer kop uitgetrek. Hoe moet 'n mens dit nou verklaar?

Miskien was dit 'n geval van die profeet wat nie in sy eie land geëer is nie. 'n Aanneemliker verklaring is egter dat Jan Robbertse te nederig en beskeie was om homself aan die publiek op te dring; as sy mense hom om raad of bystand kom vra het, het hy dit gegee, maar hy het nie na eer of posisie gesoek nie. As hoof van 'n groot gesin het hy die versorging van sy huis en haard as sy eerste plig beskou en derhalwe het hy miskien minder aangetrokke gevoel na openbare sake en kerklike aangeleenthede. Hoe dit ook sy, die leier van die Angola-Boere op kerklike en maatskaplike gebied was hy nooit, want as hy dit was, sou hy sy mense nooit in 1909 in die steek gelaat het nadat hy ryk en welvarend geword het nie. Dat hy as jagter en sakeman en ook as boer kop en skouers bokant sy tydgenote



in Angola uitgestaan het, is 'n feit wat nie weggeredeneer kan word nie, want selfs ou Angola-Boere [8]) wat nie juis 'n alte gunstige opinie omtrent wyle J. H. Robbertse daarop nahou nie, erken geredelik dat hy maar net so brandarm as hulle in Angola aangekom het.

---

## Hoofstuk II

## 'N JONGER GESLAG GROOTWILDJAGTERS

Ou Daan Robbertse — hy was Ou Daan van sy jeug af, om hom van al die ander Dane te kon onderskei — is op 19 Maart 1873 daar in die Robbertse-nes in die distrik Rustenburg gebore. Vandag, in sy 69ste lewensjaar, is hy die ewebeeld van oud-Keiser Wilhelm II, wie se olifante hy so baie gesteel het! Aan hom is dit te danke dat die sage van Jan Robbertse en sy jagters ten dele aan die vergetelheid ontruk is, en daarom sal die een en ander mededeling omtrent sy jeug nie onvanpas wees nie.

Soos die meeste kinders van sy tyd het hy ook maar net 'n paar maande skoolonderrig gehad. Een van die beste boeke wat hy as kind gelees het, was 'n Hollandse vertaling van Livingstone se artikels oor grootwild en hul gewoontes. Hy kan vandag nie meer die titel van die werk onthou nie, maar is seker daarvan dat dit *Livenston* se boek was. Hierdie boek het meer as enigiets anders 'n onkeerbare jaglus by die jong Robbertse gewek, en die knapie besluit toe om self jagveld-toe te gaan. Oudergewoonte sou sy vader met sy vee in die bosveld aan die Maricorivier gaan staan het om te oorwinter, en dit was Ou Daan se kans om weg te kom. Hy was toe nog maar vyftien jaar oud, maar wat kon dit nou skeel? Gert Tichy, sy twintigjarige maat, het mos darem 'n dubbelloop-haelgeweer gehad, 'n ligte waentjie en 'n paar vrekmaer osse, al het hy self as jagter niks beteken nie. Ou Daan praat die „baster-Duitsertjie" toe om: hulle moes wegloop en daar êrens aan die Zambesirivier gaan jag. Hy het immers 'n goeie ryperd gehad, kon goed skiet en sou 'n paar van sy pa se vet osse steel om in te span. Hulle sou altyd kos hê, dáárvoor hoef Tichy nie te

---

8) Die name van J. H. Labuschagne (Elandsdraai, Gobabis) en W. J. Grobler (No. 408, Gobabis) kan hier genoem word.

vrees nie. Wel, die twee is toe vort, maar oorkant die Krokodilrivier het Tichy begin bang word en hy wou dus omdraai. Ou Daan het met behulp van 'n paar Vaalpense altyd vooruit gery om na waters te soek; dan gaan hy terug en praat sy maat om om „nog net tot daar" saam te gaan. So het dit aangehou totdat hulle naderhand die Silkaats-gebergtes bereik het, daar waar die pad verbygegaan het na Bulawayo toe. Tichy wou toe verseg nie meer verder gaan nie; maar Ou Daan het by die Vaalpense gehoor van 'n merrieperd wat al meer as 'n jaar lank daar by 'n waterpan geloop het. „Dan is sy sweerlik gesout, en ek gaan haar vang," het die seun toe besluit, en hy is agter die Vaalpense aan. Daar by die pan het hulle die merrie gekry, en as sy nie so ongemaklik vet was nie, sou hy haar nooit in die hande gekry het nie; maar sy kon nie voor die fluks bossiekop-ponie van die boerseun bly nie, en toe sy flou was, het hy haar gevang. Dit blyk toe dat sy 'n hondmak perd was wat die Engelse seker daar verloor het met hul deurtrek na Bulawayo toe. Na 'n afwesigheid van drie maande het die twee „jagters" weer by Derdepoort by hul mense uitgekom. Ou Daan se moeder het haar byna dood bekommer oor haar kind, maar sy vader het altyd net gelag en gesê: „Laat staan hom, vrou; hy's 'n wilde kêreltjie en sal weer terugkom."

Met 1893 se trek na Angola was Ou Daan 'n jong man van twintig jaar. Saam met die ander trekkers het hy dors gely, soms drie, vier dae agtermekaar, en selde is daar 'n „kommissie" vooruitgestuur waarby die jong Robbertse nie was nie. Toe die trek aan die Kunenerivier kom, het hy begin seekoeie jag, en 'n paar maande later sou sy loopbaan as olifantjagter begin.

Hier het ons nou te doen met 'n jonger geslag van grootwildjagters as dié waartoe oom Jan Labuschagne behoort het. Jan Robbertse se jagters was sedert die negentiger jare almal jong manne van onder die dertig jaar; die meeste van hulle was nog geen vier-en-twintig nie. Ou Daan self was maar een-en-twintig. Met 'n enkele uitsondering het hulle almal met moderne gewere gejag, Martini-Henri's, Mausers en Leemetfords; net Louw Snyman het 'n outydse olifantroer gehad.

'n Vergelyking tussen hierdie twee geslagte wat betref taal, jagmetodes, veldkennis, skietkuns, gehardheid ens., is nogal interessant. Ek het Ou Daan se herinneringe stenografies opgeteken — iets wat hom die opmerking ontlok het: „Onse liewe vader, maar dit is nou vir jou 'n skrywery!" My doel was nie alleen om die werk te bespoedig nie, maar ook om elke vreemde



woordjie, elke uitdrukking en, vir sover snelskrif dit toelaat, ook elke verkeerde uitspraak van 'n woord aan te teken. Een van die eerste dinge wat my opgeval het, was dat hierdie jonger geslag hul perde omgeruk of -gepluk en nie meer *omgekrink* het, soos oom Jan Labuschagne en sy tydgenote nie. Ou Daan se uitdrukkings is deurgaans minder intiem met 'n wa en osse geassosieer en veel meer met die geweer, kruitrook en vuur as oom Jan s'n. In die ouer man se taal kom woorde soos *losgetrek*, *afgehaak* en *losgeknyp* (met 'n geweer) veelvuldig voor, maar selde in die jonger man s'n. Hy en sy maats het gesê: „Steek maar aan die brand!" of „brand los, kêrels!" of „maak vuur op hulle!" — alles assosasies met geweervuur. Selfs die gebruiklike kragwoorde om aan te toon dat 'n mens baie woedend is, was in die taal van Ou Daan „die vlam in". Sou hierdie gedagte aan vuur ook verantwoordelik wees vir Ou Daan se baie verwysings na die ou Satan in sy beeldspraak. Hy sê bv. dat as 'n mens op 'n trop olifante afkom (al is dit in die oerwoud) en daar is 'n koei met 'n swak kalfie by, dan het jy „die duiwel op die vlakte". Die oerwoud met sy baie rankroos en katnael en olifantmoesara was vir hulle *vuilbos* waardeur „die duiwel en 'n olifant" skaars kon hardloop. Net soos in die vorige reeks kursiveer ek weer sulke woorde en uitdrukkings. Ons weet bv. almal dat 'n olifant se vel baie skurf is en dat hy hom gedurigdeur natspuit, met modder bepleister of daarin gaan lê, met die gevolg dat as hy hardloop die stowwe uit sy rug sal slaan. Hoeveel mooier en raker kan 'n mens dit nie in die ou jagters se taal uitdruk nie — die olifant het *gepas* dat die *rookdampe* op hom staan!

Woorde soos *rat* (rats), *leeue*, *leeusmannetjie*, *arnoster*, *vuurhoutkassies*, *levoor*, *kamele* (girafs), *oolfante*, *versegtag*, *veilag*, *agterdogtag*, *mode* (maniere of gewoontes) ens., bly nog maar dieselfde; maar 'n paar nuwes duik op. Ou Daan sê dat as hulle *op perde-patrol* in die jagveld was, hulle altyd 'n entjie van die waters af *gekamp* of selfs *kamp gemaak* en dan *gespioen* het. Dit is net jammer dat 'n mens genoodsaak is om hier en daar 'n paar gekruide woorde uit die taal van die ou jagters te verwyder, omdat ons mense nou maar eenmaal fyn met growwe opslae is. Is dit nie eienaardig dat 'n mens mag praat van olifantmis op 'n *vlugspoor*, hoewel jy nie in dieselfde trant van die ander uitwerpsel mag praat nie? Ongelukkig is dit juis hierdie kaalkop-woorde van die ou jagters wat 'n gebeurtenis gewoonlik so raak beskryf.

## Hoofstuk V

## 'N BEROEMDE OLIFANT

Wanneer die jaglaer so stadig begin terugtrek het na Humpata toe, was die waens volgelaai met ivoor, volstruisvere — die mooistes het ons altyd in Palmfontein se wêreld geskiet — leeuvelle, seekoei- en renostersambokke, kameelswepe, ens. Ons het natuurlik oral in die olifantveld op renosters afgekom, en as ons die tyd gehad het en daar was nie olifante in die nabyheid nie, het ons hulle geskiet. Soms moes ons nog eers spoorvat en hulle gaan soek. Ons het die renosters net ter wille van hul velle geskiet, want dis die beste sambokvel wat ek ken. Hy is baie beter as die seekoei s'n, omdat hy so vas en taai van draad is. Die seekoeisambok lyk 'n bietjie mooier, en dis dáárom dat so baie mense hulle laat verneuk met die ding.

„Iets omtrent renosters? Man, maar ek is dan nog lank nie klaar met die olifante nie! — O, net so 'n paar verhale oor ons jagervarings? Nou ja, dan sal ek maar by sy *modes* begin. Jy weet, vir sover dit die wind betref, is die renoster net die teenoorgestelde van 'n olifant. Ek kan maar sê in hierdie opsig staan hy alleen. Terwyl dit in die olifant se natuur is om altyd wind-af te vlug, daar vlug die renoster altyd wind-op. Party mense sê hy *storm* wind-op; maar hulle ken nie 'n renoster nie — as hy vlug, dan dink hulle hy storm.

„Die renoster is grootliks 'n nagdier. Soggens vroeg sal hy miskien nog 'n bietjie wei tot so omtrent nege-uur; maar in die reël slaap hy oordags in die bos en begin laat in die namiddag weer wei. Snags wei hy water-toe en as hy klaar gesuip het, wei hy weer terug na sy *slaanveld* toe. Waar 'n olifant meestal onder 'n boom gaan *staan* en slaap, sal die renoster weer meestal gaan *lê* en slaap. Hiervan is ek baie seker, want vir elke keer wat ek 'n renoster gesien staan en slaap het, het ek hulle seker tien maal gesien lê en slaap.

„Hulle loop nie in troppe soos olifante nie, maar gewoonlik òf alleen òf in pare. Die meeste wat ek bymekaar gesien het, was drie groot renosters. 'n Mens kan 'n bul en 'n koei maklik uit mekaar ken as jy net op die neushoring let — die bul s'n is korter en dikker as die koei s'n. Ek weet nie of jy al opgemerk het dat jy omtrent al ons wild in twee soorte kan verdeel nie. Kyk, daar is bv. twee soorte *kamele*: die een is heeltemal donkerbruin-bont en die ander een weer geel-bont; hy word ook



'n bietjie groter as die bruinbonte. By die koedoes kry jy dieselfde ding: die een met die wye horings en die ander met die nou horings.[1] Die wyehoring-koedoe is nie net donkerder van kleur nie, maar sy nek is oor die algemeen ook dikker as die nou-horing s'n. Ek kan jou talle van wildsoorte opnoem waarby jy dieselfde verskynsel sal kry. Nou ja, met die renoster is dit ook maar so. Ons het twee soorte swartrenosters geken. Die regte swartrenoster se lang neushoring is 'n bietjie korter as die ander soort s'n, wat ons die bloutrenoster genoem het. Dan is die swarte se kort horinkie mos sommer 'n soort knop agter die lang horing, terwyl die bloue se kort horing baie langer is. Ek het baie bloutrenosters gesien met die agterste horing amper net so lank as die voorste. Hierdie onderskeid geld vir die koeie sowel as die bulle.

„Toe ek nog maar 'n kind was in Transvaal, het die oumense my altyd vertel wat 'n gevaarlike dier die renoster is. Hulle het gesê die ding jaag jou as hy net jou reuk kry en hy vlug nooit soos 'n olifant of 'n ander dier nie. My eie ondervinding is dat dit alles bygeloof en misverstand was. Alle diere, selfs die renoster, is geskape met 'n ingebore mensevrees. Dis my vaste opinie en ook my ondervinding. Die renoster storm jou nie werklik as hy jou reuk kry nie; hy vlug net wind-op omdat dit in sy natuur is, en wee jou dan as jy in sy pad staan! Die meeste mense wat 'n renoster nie ken nie, sal dan ook geneig wees om kort om te vlieg en die wêreld vóór die renoster uit te skeur; maar, man, dan *bly* hulle mos bokant die wind en in die renoster se pad! Die vreeslike gesnork en geblaas van die ‚stormende' renoster het seker ook baie mense laat glo dat die ding so boosaardig is as hy storm; maar dis nie so nie. Dit is maar die geluide wat hy maak as hy vir 'n vreemde reuk vlug. Jy het mos al 'n vlakvark gesien vlug: maak hy nie ook sulke snorkgeluide nie? Mense wat miskien nie wil glo dat die renoster vlug en nie storm nie, kan gerus self gaan ondersoek instel. My ondervinding is dat as jy per ongeluk bokant die wind op 'n renoster afkom en hy ‚storm' jou, soos die mense beweer, dan kan jy net 'n paar tree uit sy pad spring, en hy sal dan by jou verby hardloop en met 'n vreeslike vaart verder vlug. Die mense wil tog seker nie beweer dat 'n ‚stormende' renoster jou nie kan sien as jy drie, vier tree van hom af staan nie?

[1] Dis die bergkoedoe.

„Ek het eenmaal gestaan en kyk hoe dat 'n Kaffer vir 'n renoster vlug. Toe hy die dier gewaar, het hy omgevlieg en geloop dat dit bars, natuurlik al die tyd wind-op, en die renoster het hom ,gejaag' totdat hy naderhand so flou was dat hy nie meer kans gesien het om voor te bly nie en sy lyf sommer so eenkant-toe in 'n bossie gegooi het. Die renoster wat hom dan kastig sou gejaag het, het toe verbygehardloop!

„Wat die renoster so gevaarlik maak, is die feit dat sy reuk moet vergoed vir wat sy oë en ore tekort skiet. Hy kan onder 'n boom vas aan die slaap lê en jou nie sien of hoor nie, maar as jy net bokant sy wind verbyloop, sal hy dadelik daar opspring en wind-op ,storm,' en hy hardloop so blitsvinnig dat jy jou sal moet roer om uit sy wind te kom. Gewoonlik gaan dit so vinnig dat as jy die geritsel in die bos hoor en jy kyk rond, dan peul die renoster al hier by jou uit. Ek het al onderkant die wind op renosters afgekom wat lê en slaap en hulle daar so in hul slaap doodgeskiet — hulle kon my nie ruik nie, hoewel hulle my sou gehoor het as hul gehoor goed was.

„Nadat ek al omtrent vyftien van die goed doodgeskiet het, het ek vir die eerste maal vir 'n renoster geskrik. Dit was toe ons besig was om terug te trek uit die Shimborro ná 'n jagtog. Ek en ou Mukai, 'n ou jagkaffer, gaan toe een oggend te voet die bos in om 'n bok te probeer skiet vir kos. Net toe ek so 'n knoppie oorgaan, sien ek daar vóór my in 'n oop laagte staan 'n wildebeesbul. Hy was omtrent so 400 tree van my af, en ek skuif ook sommer my visier op en gooi aan. Toe die skoot klap, sak die wildebees inmekaar, en ons stap toe soontoe. Onderwyl ek nog die wildebees staan en bekyk, sê ou Mukai vir my:

„ ,Basie, kyk hier was vanmôre nog 'n renoster,' en hy wys my die spore.

„Ek sien toe dat die spore nog *op die reën* was en wis dat die renoster baie naby moes wees. Nadat ons die wildebees met takke toegemaak het, het ons toe die renoster se spoor gevat. Hy het nog geloop en wei. Ou Mukai moes die spoor dophou, sodat ek kon rondkyk of ek nie miskien die renoster gewaar nie. Ons was intussen al weer in die digte bos. Die ou Kaffer het voor my geloop, en as ek sien hy maak 'n draai op die spoor, het ek sommer reguit aangestap. Dit was nie hoe ver nie toe draai ou Mukai weer links, en ek loop reguit aan.... Man, ek was al vas teen die renoster, toe hoor ek *tjirrrrrr*! Dit was die renostervoëltjies wat opgevlieg het, en net toe ek vassteek, sien ek die renoster — hy het hier vlak by my op sy twee boude gesit en snuif! Ek was gelukkig nie reg bokant die wind nie, maar die renoster het die ou Kaffer, wat toe skuins voor hom was, gesien, en toe het alles baie vinniger gegaan as wat ek jou dit kan vertel.



„Toe ek hom gewaar, het ek sommer dadelik aangegooi en geskiet, maar my visier was nog steeds op 400, en dit het buitendien so haastig gegaan dat ek nie goed kon korrelvat nie. Ek het so 'n rapsie oor sy kop verby geskiet in 'n boomstam vas. Man, en *de arnoster* blaas en hy kom — sommer reg op ou Mukai af! Ek het toe al weer 'n patroon ingehad en spring agter 'n boomstam in; maar die ou Kaffer kon nie dwarsweg padgee nie, die bos was te ruig. Hy los sommer alles wat hy het en bevlieg 'n oorhangende boomtak voor hom. Hy het sommer met hande en voete na die tak gegryp; maar die tak was ongelukkig 'n bietjie te slap vir sy gewig en hy buig af grond-toe! Ek glo nie die ou Kaffer het kans gehad om aan sy gevaar te dink nie, want die volgende oomblik ploeg die renoster 'n voor deur die goed daar op die grond en hy skuur die ou jong met sy skof daar van die tak af! Dit was net toe ou Mukai oor die gevaarte se kruis trek dat ek op ses tree losbrand en die renoster 'n skoot agter die blad injaag skuins na vorentoe. Toe die ou Kaffer agter die renoster se boude afval en grondvat, was hy die volgende moment weer op, en uit loutere angs loop hy *my* storm, sodat *ek* weer moes padgee!

„As dit 'n olifant was wat op ses tree so 'n skoot gekry het, sou hy ons seker nog met sy laaste kragte doodgemaak het, behalwe as hy die skoot reg deur die hart gekry het. Dan is 'n olifant so goed as blind en sal hy jou niks maak nie, al staan jy ook vas teen hom. Die renoster het egter gevlug so ver as wat sy bene hom nog kon dra — 200 tree daarvandaan het ons hom gekry.

„In die digte olifantmoesara moes ons baiemaal lelik uitmekaar spat om uit 'n renoster se pad te kom; maar omdat ons die dier so goed geken het, was daar vir ons nie veel gevaar by nie. Olifante en renosters boer mos by voorkeur in digte boswêreld; maar dit sweer ek jou voor, Hansie, as 'n gekweste olifant jou storm, sal jy dwarsoor 'n renoster en dwarsoor 'n leeu hardloop, net om onder hom uit te kom!

„Hoe verskriklik wreedaardig renosterbulle kan baklei, het ek self gesien. Op 'n dag toe ons besig was om olifantspore te soek, het ons op 'n groot lap moesarabos afgekom wat platgetrap,

stukkend geskeur en verniel was. 'n Groot lap bos van omtrent honderd tree in deursnee was so totaal verwoes dat ons eers gedink het dat dit 'n trop vlugtende olifante was wat daar so rondgemaal het; maar toe sou ons aan die spore en die mis sien dat dit twee renosterbulle was wat daar baklei het. Uit blote nuuskierigheid het ons die platgetrapte plaat bos noukeurig ondersoek. Net waar jy kyk, was dit 'n toneel van verwoesting. Die grond was plek-plek letterlik omgeploeg, nes 'n stuk nuwe land, en aan al die uitwerpsels op die grond kon ons duidelik sien dat altwee die vegtende renosters naderhand stokflou moes gewees het. Die plek waar hierdie verskriklike geveg geëindig het, het ons ook gekry — dáár het een van die bulle se hele neushoring gelê, net so groot as wat hy was, mooi stomp op die neus afgebreek. Man, as jy weet hoe moeilik dit is om 'n renoster se neushoring af te kap, sal jy kan verstaan watter verskriklike slag dit moes gekos het om daardie groot horing so stomp op die neus te laat afbreek.

### Veg soos Skaapramme

„Terloops kan ek jou maar sê dat olifante nes skaapramme baklei. Hulle stamp mekaar met die koppe. Oom Willem Venter en sy broers het al twee vegtende olifantbulle gesien en hulle ook doodgeskiet; en dan weet ek van 'n geval waar mense 'n olifant doodgeskiet het, en toe hulle met hom begin werk, kry hulle 'n lang stuk olifanttand wat in sy kopbeen afgebreek het net bokant die stam van die slurp.

„'n Mens kan uit 'n renoster se vel maklik honderd sambokke sny, d.w.s. vyftig grotes en vyftig handsambokke. As jy jou werk ken, kan jy nog meer uitsny; maar ek stel die getal nou maar op die gemiddelde. Ons jagters het 'n vasgestelde prys gekry vir ons onbewerkte renostersambokke, nl. 2s. vir 'n grote en 1s. vir 'n kleintjie, of omtrent £7 10s. vir 'n renoster. Die sambokke moes dan nog eers *beslaan* word, d.w.s. met 'n mes of 'n spankskafie mooi netjies afgewerk en dan gebrei word. Hierdie werk is meestal deur ander mense op Humpata gedoen, maar dit het oom Jannie nie veel gekos nie. Hy het sy sambokke ook nooit vir minder as 10s. vir grotes en 5s. vir kleintjies verkoop nie. Nadat al sy onkoste afgetrek is, het hy dus nog omtrent £30 profyt gemaak uit 'n renostervel. Dit spreek vanself dat ons 'n renoster nie sommer sou laat verbygaan nie. Ek dink ons het in die olifantjagveld alleen so tussen 150 en



200 renosters geskiet gedurende die jare wat ons vir oom Jannie gejag het.

„Hoewel ons van die begin af maar altyd op ons hoede was vir die Duitse polisie, het hulle eers in 1901 die Kaokoveld vir ons begin fynkam; maar met die Ovatjimbas aan ons kant sou dit vir hulle maar moeilik gegaan het om ons in die hande te kry. Toe ons nou die jaar ná ons groot jag weer van Otchinjõu [2]) en Palmfontein se kant af na die Kunene gaan, met die doel om nou verder in die Kaokoveld te gaan jag, en ons sien dat 'n Duitse patrollie daar by die rivier *gekamp* het net waar die Ondottorivier inkom, toe was ons bang om na ons ou jagveld terug te gaan. Ons wou ook nie ver oorkant die rivier waag alvorens ons eers 'n berig van die Kaffers gekry het omtrent die Duitsers nie. Ons jag toe maar aan die Rietrivier (Ombuku) en na die Witfonteine se kant toe; dit is in die noordwestelike Kaokoveld, na die see se kant toe. Ons het geweet dat die Duitse polisie nie tot dáár sou deurdring om na ons te soek nie.

„Daar aan die Rietrivier het ons baie olifante geskiet en by die Witfonteine weer twintig. Van daar pyl ons toe oor die gebergtes tot aan Bulrivier (Omuhongua); ons het die plek hierdie naam gegee omdat ons daar vantevore sewe olifantbulle onder die annabome doodgeskiet het. Jy moet nou nie dalk dat al hierdie name jou onder 'n verkeerde indruk bring nie, want ons het nog altyd met een en dieselfde rivier te doen. Dit was die wilde Kaffers se ou gewoonte om een en dieselfde rivier by elke fontein of vaste water 'n ander naam te gee — die naam van die fontein self. In werklikheid het ons hier met 'n streep fonteine te doen waarvan die een se loop in die ander s'n inkom en dan so aangaan totdat die laaste fontein se loop in die Kunene ingaan. So begin jy dan by die Kunene met die Rietrivier of Ombuku en netnou word hy die Okanguatti; nog 'n ent hoër op word hy die Bulrivier of Omuhongua, en van daar tot by die oog heet hy weer Otjiwiru. Ons het toe ook maar die Kaffers se voorbeeld gevolg en die rivier op verskillende plekke name gegee.

„Ek het vergeet om jou te sê dat oom Willem Venter daardie tog ook saam met ons was. Hy het egter op eie rekening gejag, saam met sy ou basterjong Booi en nie saam met ons gedeel in

---

[2]) Op Marquardsen se kaart word die naam *Vogelfontein* naas Otchinjõu aangegee.